Wagyu-telers byeen

Wagyu SA het sy kongres einde Augustus by die Allee Bleue-wynlandgoed, Franschhoek, gehou. Dit is regstreeks aangebied en meer as 85 mense het geregistreer. Die voorleggings is op die webwerf **wagyu.org.za/events** beskikbaar. Foto's: VERSKAF

Die Wagyu-raad is op die jaarvergadering verkies. Van links is mnr. Waldo Scheepers (direkteur van rasverbetering), mnr. Francois Loots (direkteur van die gesertifiseerde Wagyu-vleisprojek en ondervoorsitter), me. Karen Hoffman (direkteur van bemarking), dr. Baldwin Nengovhela (direkteur van maatskaplike ontwikkeling), mnr. Fritz Bezuidenhout (direkteur van CWB en logistiek), mnr. Bob Hobson (voorsitter), en me. Elandri de Bruyn (bedryfshoof). Inlas: Mnr. Johan Strydom (direkteur van koöperatiewe bestuur en finansies).

Kongresgangers luister na die voorleggings wat die sprekers aangebied het. Wagyu SA se eerste drie seleksie-indekse is ook bekend gemaak. Dit is die koei-kalf-produksie-indeks (vir die teling van vervangingsverse in stoetkuddes) en twee terminale seleksie-indekse (kort en lang voerindekse, vir die teling van slagosse vir Wagyu SA se sertifiseringsprojek).

Lede het die jaarlikse Wagyu-inspeksiekursus by The Wagyu Experience in die Paarl bygewoon.

Talle belanghebbendes het die praktiese bespreking van die inspeksiekurus bygewoon.

Mnr. Reeza Tonga, blokman van LA Farms, wys hoe om gesogte snitte vir handelaars en restaurante uit die Wagyu-karkas te haal.